Die Tradisionele Boeremusiekklub

Tel.: 01521-74724

Posbus 529
LADANNA
0704
30 Julie 1985

OMSENDBRIEF NR 5.

Geagte Lid,

Dit is vir my baie aangenaam om jou weer te groet. Daar was weer 'n paar veranderings en verskuiwings in die komitee en ek is alweer ingespan!

'n Afskrif van ons nuwe voorsitter, Ds Lourens Aucamp, se skrywe word vir kennisname aangeheg. Ek wil sy standpunt ook graag langs hierdie weg onderskraag. 'n Vete of afkraking tussen die verskillende groepe van beoefenaars van ons geliefde boeremusiek mag net nie daar wees of bestaansreg hê nie. Ons klub se sambreel is groot en ons gees is goed. Daar is regtig plek vir ons almal.

FINANSIES.

Ons finansiële posisie is goed en kerngesond. Ons herinner lede, wat agterstallig is met hulle ledegeld, om dit tog so spoedig moontlik na ons penningmeester, Jasper Vlok, posbus 1312, Bloemfontein, 9300, Telefoon (051) 79282 of 221839, te stuur.

Daar gaan so baie dinge binnekort plaasvind dat niemand van ons dit moet misloop nie! Elkeen van ons moet dus trots wees omdat hy of sy, sy of haar deeltjie bygedra het.

GEDENKSTEEN.

Die onderhandelings in verband met die oprigting van 'n gedenksteen vir Johannes Petrus (Silver) de Lange vorder fluks en die tentatiewe datum vir die onthulling daarvan is 19 Oktober 1985. Sodra alles gefinaliseer is sal u onmiddellik van nadere besonderhede verwittig word. Die verrigtinge sal baie interessant wees en ons sal poog om die T.V. daar te hê. Ons het alreeds 'n gerieflike saal bekom en ons het alreeds mense gekoöpteer om sake vlot te laat verloop.

GEDENKALBUM.

Die werk aan ons "GEDENKALBUM VAN ONS EIE TRADISIONELE BOEREMUSIEK" vorder fluks. Ons soek nog meer inligting en foto's van die Vier Springbokke, Die Gebroeders Ceronio, Die Vyf Takhare en Willie Welgens. Hierdie inligting kan direk aan my gestuur word. Ek sal dan reël om 'n persoonlike onderhoud met die betrokke mense te voer.

Ek wil dit ook graag baie duidelik stel dat as 'n foto in ons album opgeneem word dit feitlik permanent behoue en bewaar sal wees.

2 / ....

MUSEUM.

U is alreeds almal daarvan bewus dat ons 'n kamer in die museum te Bloemfontein het. Ons soek nog na musiekinstrumente, foto's en enige ander artikels van die ou pioniers wat ons moontlik daar kan gebruik en bv. kieries, briewe, pype, klere ens. sal welkom wees (Chris Chomse het altyd so 'n mooi onder= baadjie met perlemoen knopies gedra).

FAK.

Danksy ons voorsitter het ons nou ook daar sitting! Hy het (soos u seker in die nuusblaaie gesien het) ook die laaste sitting van die FAK bygewoon. 'n Boereorkeskompetisie oor die radio is voorwaar in die lug!

TAKKE VAN ONS KLUB KAN NOU BY VERSKEIE ANDER SENTRA GESTIG WORD.

Dit is goedgekeur dat ons takke van ons Klub kan stig by plekke waar genoeg belangstellendes is. Hierdie takke sal natuurlik nog by die HOOFTAK geaffilieer wees.

Vriende, doen dit gerus. Ons kan nie altyd na Johannesburg of Pretoria gaan om funksies daar by te woon nie maar ons kan dit net so aangenaam maak by of naby ons tuistes.

Jasper Vlok het alreeds daar in Bloemfontein begin en lede in daardie geweste kan gerus met hom skakel. Sy besonderhede is hierbo aangegee.

Pietersburgers, ons gaan gerus nie agterbly nie! Onthou die eerste Konsertinaklub is destyds hier gestig! Skakel maar net vir oom Piet en ons kan sommer die stigtingsvergadering by sy huis hou. Ons kan so een of tweemaal per kwartaal bymekaar kom by die Feesterrein of ander geskikte plek en ek weet ons sal dit deeglik geniet. Hier is baie interessante mense en baie talent. Kom ons doen ons eie ding onder die sambreel van ons Ouboet! Ek weet julle harte is reg!

Aangesien ek baie sekretariële werk het kan ek dalk iemand kry wat so 'n handjie kan bysit! Ons werk mos almal saam aan iets groots!

Belangstellendes in Pietersburg se omgewing kan my gerus besoek. Kom kyk gerus hoe my versameling lyk en waarmee 'n melomaan hom besig hou! Moontlik kan ons nog 'n teetjie saamgeniet!

Baie groete tot ons weer sien! Een van die mooi dae kom daar nog nuus.

P J BESTER
SEKRETARIS: DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB
TEL.: 01521 - 74724

Posbus 13976
SINOVILLE 0129
3 Julie 1985

Geagte Boeremusiekliefhebber,

Langs hierdie weg wil ek al die lede wat gehelp het om my tot Voorsitter van Die Tradisionele Boeremusiekklub (voorheen Die Konsertinaklub van SA) te verkies, van harte bedank. Ek hoop dat ek die vertroue wat gestel is, waardig sal wees en dat ek in staat sal wees om 'n bydrae te lewer om ons Tradisionele Boeremusiek uit te bou.

Ek is daarvan bewus dat daar onder ons lede verskil is tov ons Boeremusiek. Sommige wil dat ons ons net met Tradisionele Boeremusiek besig sal hou. Ander weer wil dat ons moet vergeet van die verlede en net moderne Boeremusiek moet bevorder. 'n Persoon het by die Jaarvergadering aan my gesê: DIE AAND IS 'n GROOT SUKSES, BEHALWE VIR DIE OUTYDSE BOEREMUSIEK WAT JULLE SPEEL. Vir die vriend en almal wat miskien soos hy voel, wil ek net herinner aan ons grondwet, Art 2.1, pl - OOGMERKE: DIE VERSAMELING, BEHOUD EN UITBOUING VAN TRADISIONELE BOEREMUSIEK. Toe ons klub gestig is was dit die baie duidelike oogmerk om Tradisionele Boeremusiek nie verlore te laat gaan nie, maar te bewaar, en uit te bou. Aan hierdie doelstellings is niks verander nie en dit bly so.

Ek wil egter nie deur dit wat hierbo gesê is die indruk skep dat u wat meer van moderne Boeremusiek hou, nie welkom is nie. U is meer as welkom. Daarom gee ons by elke byeenkoms aan u die geleentheid om ook u talente te beoefen. Ek vra net mooi: MOENIE PROBEER OM DIE DOELSTELLINGS VAN ONS KLUB AF TE KRAAK OF OMVER TE GOOI NIE. As u dit doen is u beslis nie welkom nie. Ons leef in 'n tyd van soveel verdeeldheid onder Afrikaners, dat ons dit nie ook nog tov Boeremusiek kan bekostig nie, daarom reik ek my hand aan u almal - Tradisioneel en Modern - en hoop dat ons saam sal bou sodat daar 'n toekoms vir ons Boeremusiek kan wees en sal bly.

Vir die van u wat nie by die Jaarvergadering was nie, gee ek net die nuwe bestuur weer: Lourens Aucamp - Voorsitter; Piet Bester - Sekretaris; Jasper Vlok - Penningmeester; Danie Labuschagne, Stefaan van Zyl en Charles Ellis - Addisionele lede.

Indien u dit nog nie ontvang het nie, sal u wel binnekort 'n uiteensetting van die nuwe aftrekorderstelsel ontvang. Ons vra ons lede om dit gunstig te oorweeg in belang van ons klub.

Hartlike Groete

Lourens Aucamp
Voorsitter.